19de UITSIG kersmark

I N L I G T I N G S TUK

Beste Aansoeker

Welkom by ons 19de Kersmark vanaf 20 November tot 7 Desember 2019!

Ons Kersmark is uniek omdat dit hoofsaaklik handgemaakte en handige elke dag artikels is wat te koop aangebied word. Die Kersmark se keuringskriteria is die volgende:

* Entrepreneurs met hoofsaaklik handgemaakte artikels en geskenke sal voorkeur geniet.
* Kwaliteit en keurige aanbieding van produkte.
* Bekostigbare artikels.

VOORWAARDES WAT NAGEKOM MOET WORD TYDENS ONS KERSMARK

* Jy moet genoeg voorraad vir die hele tydperk hê. (Die feit dat jy aan ander markte deelneem, mag nie 'n invloed op jou voorraadvlakke hier hê nie.)
* Uitstallers van juweliersware (silwer en goud) moet daagliks teenwoordig wees.
* Net gekeurde artikels mag uitgestal word, d.w.s. **dit wat jy op die produktelys gemeld het en deur die komitee gekeur is.**

NG Kerk Bellville-Uitsig tree bloot op as fasiliteerder tydens die Kersmark en is nie verantwoordelik vir enige belastingnakoming of –verpligting van uitstallers nie. Vir jou deelname maak jy 'n bydrae tot Bellville-Uitsig se gemeentefonds.

Die Kersmark is gerig op die verkoop van geskenke en veral Kersgeskenke - daarom poog ons om hiervoor 'n wye verskeidenheid van bekostigbare artikels aan te bied.

BELANGRIKE INLIGTING RAKENDE DIE KERSMARK:

1. DATUM
Woensdag 20 November tot Saterdag 7 Desember 2019.

2. WAAR
Die Kersmark vind plaas by die kompleks van die NG Kerk Bellville-Uitsig, op die hoek van Mountainviewrylaan en Ridgeworthrylaan, Ridgeworth, Bellville.

3. BESIGHEIDSURE
Die Kersmark sal Maandae tot Vrydae vanaf 10:00 tot 20:00 en op Saterdae vanaf 10:00 tot 17:00 bedryf word.

4. TYDSKEDULE 2019

26 April	- Keerdatum vir aansoeke. Epos aansoeke na admin@uitsigkerk.co.za
04 Mei	- Keuring
10 Julie	- Kennisgewing van wie gekeur is
30 Augustus	- Keerdatum vir betaling van tafelgelde
04 November	- Afhaal van strepieskodes (barcodes)
19 November	- 12:00-20:00 Saal oop vir uitpak
20 November	- Kersmark begin
07 Desember	- 17:00 Kersmark eindig - opruiming sodra laaste kliënt betaal het tot 19:30
15 Desember	- Keurdatum vir elektroniese oorbetaling aan uitstallers

Die **KEURING** vind plaas op **Saterdag 4 Mei** in die kerksaal.
(Maak asb. seker oor die tyd en kategorie waarvoor jy ingeskryf het.)

TEKEN ASSEBLIEF HIERDIE DATUM AAN,
AANGESIEN JY NIE WEER HIERAAN HERINNER WORD NIE.

5. KEURING

Bring asb jou Produktelys met die dag van keuring saam - moet asb nie epos.
Aansoekvorms moet ons nie later as Woensdag 26 April per epos of per hand bereik asb.

Jy kan dit:
* by die kerkkantoor inlewer;
* e-pos: admin@uitsigkerk.co.za
* pos aan: Bellville-Uitsig Kersmark, Mountainviewrylaan 17, Ridgeworth, Bellville, 7530 (Vir aandag: Amanda Visser)

Weens oorweldigende belangstelling doen meer uitstallers aansoek as wat ons kan akkommodeer. As gevolg hiervan, en ook om artikels van hoogstaande kwaliteit aan kopers te bied, word 'n keuringspaneel aangestel vir die keuring van produkte. Die besluite van die paneel is finaal.

Alle eetgoed **moet** die volgende bevat: Vervaldatum, inhoud, belangrike inligting rakende die berging van die produk, bv. op 'n rak of in 'n koelkas (voor of na opening) en adres waar produkte gemaak word. Alle kosverwante uitstallers moet **verseëlde weggooibare proepakkies** met hul name op saambring!

Jy sal op **10 Julie 2019** per epos of sms in kennis gestel word of jou artikels gekeur is vir Uitsig Kersmark 2019.

Die verskillende dae en tye waarop die voorbeelde van die ware wat jy gaan verkoop aan die keuringspaneel voorlê word, is hier onder. Tafels kan 15 minute voor onderstaande tye in gereedheid gebring word. Pryse wat jy gaan vra tydens die Kersmark **moet** op die artikel voorkom.
Indien jy onseker is in watter kategorie jy moet uitstal, kontak asb vir Amanda gedurende kantoorure (Maandae-Vrydae, 08:00-12:00) by 021-9194220 / admin@uitsigkerk.co.za.

Keuringsdae en tye:

08:30	Saterdag	04 Mei	Eet- & drinkgoed; Boeke; Kerse; Badprodukte
10:00	Saterdag	04 Mei	Kinders, Naaldwerk
11:15	Saterdag	04 Mei	Juwele, Kaartjies, Skilderye, Rame & Plante
12:15	Saterdag	04 Mei	Decor & Geskenke

Jy moet vir elke kategorie waarin jy uitstal 'n voorlegging doen. Let wel: Jy moet asseblief betyds uitpak, aangesien **keuring stiptelik begin** op die tye wat gemeld word. Alle soortgelyke uitstallers is tegelykertyd teenwoordig. **Indien jy nie self teenwoordig kan wees nie, moet jy reël dat iemand vir jou instaan.**
Slegs die top 10 uitstallers van 2018, wie hiervan in kennis gestel is, word vrygestel. **Hierdie is die enigste keuringsdag.** Ons kan jou net aanvaar as uitstaller indien ons jou ware gesien en gekeur het!

Koeldrank, koffie en ligte verversings sal te koop wees op die keuringsdae. Die fondse is ten bate van die Merweville Jeuguitreik van Uitsig Gemeente.

6. REGISTRASIE

Die registrasiegeld vir die gekeurde uitstallers beloop R800 per vol tafel (+ 180cm x 75cm), halwe tafel R400 (+ 90cm x 75cm) en is betaalbaar voor of op 30 Augustus 2019.
Tafelgelde sluit toesighouding in en geen diensbeurte of betaling vir diensbeurte word van uitstallers verwag nie. Deposito's is nie terugbetaalbaar nie. Geen laat betalings sal aanvaar word nie.

7. SKENKING AAN GEMEENTE

19% van alle verkope word aan die Kerk geskenk. Jy moet dus jou artikels so merk dat die 19% reeds ingesluit is. Maak asseblief voorsiening vir moontlike diefstal en breekskade. Geen artikels se pryse mag verhoog of verminder word na die keuringsdag of tydens die Kersmark nie. 16% van verkope op juweliersware (silwer/goud) word aan die kerk geskenk. Rond asseblief jou verkoopprys af tot die naaste R1.

8. RAK- & VLOERSPASIE

Indien jy van 'n rak op die tafel of vrystaande rak op die vloer gebruik maak moet die mates (breedte x diepte x hoogte) aangedui word op jou aansoekvorm.

Rak op vloer: half vloerspasie 90 x 75 x 200cm / vol vloerspasie 180 x 75 x 200cm.
Rak op tafel: half tafel 90 x 75 x 120cm / vol tafel 180 x 75 x 120cm.
Hierdie mates mag nie oorskry word nie.

9. GEEN VOORRAAD OP TAFEL

Indien jou tafel tydens die mark nie oor voldoende voorraad beskik nie, sal 'n maksimum boete van 30% van jou omset verhaal word. Hierdie persentasie kan verander word volgens die organiseerders se diskresie.

10. UITPAK

Die saal sal op Dinsdag, 19 November vanaf 12:00 oop wees. Jy kan tot 20:00 uitpak. Jy is self verantwoordelik om jou artikels te dra, uit te pak en uit te stal. In gevalle waar die uitstaller nie self teenwoordig kan wees nie, moet reëlings self getref word. **Ekstra voorraad moet onder jou tafel gebêre word**. Ons verantwoordelikheid ten opsigte van sekuriteit begin om 20:00.

11. OPRUIM

Die Kersmark eindig Saterdag 7 Desember om 17:00. Jy mag onder geen omstandighede begin opruim voor 17:30 **of** totdat die laaste kliënt by die tellers gehelp is nie - 'n boete van 30% kan van jou omset verhaal word indien dit wel gebeur. Slegs juweliersware (silwer en goud) mag oppak weens veiligheidsredes. Die saal moet nog dieselfde aand ontruim word. Jy het tyd tot 19:30 om jou artikels op te pak.

By voorbaat baie dankie vir jou samewerking in dié verband. Die veiligheid en sekuriteit van ons uitstallers en hul uitstalware is vir ons baie belangrik, daarom sal geen uitsondering gemaak word nie. Voorsorgmaatreëls ten opsigte van skade of verlies sal sover moontlik deur die reëlingskomitee getref word. Bellville-Uitsig gemeente en die reëlingskomitee dra egter nie verantwoordelikheid vir enige skade of verlies wat gely word nie. Maak seker dat jy die aansoekvorm onderteken.

12. TOESIG

Jy hoef nie die hele dag self by die Kersmark teenwoordig te wees nie. Daar word wel van die uitstallers wat waardevolle juwele verkoop verwag om elke dag teenwoordig te wees. Toesighouers word teen betaling deur die kerk gereël en jy as uitstaller dra 'n gedeelte daarvan by wat ingesluit is in jou tafelgelde.

13. SENTRALE BETAALPUNT

Daar is 'n sentrale betaalpunt met verskeie kasregisters by die uitgang. Die publiek kan per kredietkaart, debietkaart, snapscan, Kaapse Verbruikers of kontant betaal.

14. BETALING / INTERNET OORBETALING AAN UITSTALLERS

'n Eenmalige oorbetaling sal nie later as 15 Desember per internet plaasvind. Gekeurde uitstallers sal 'n bankbesonderhedevorm ontvang met hulle keuringsbrief.

15. KODESISTEEM (STREPIESKODERING - "BARCODES")

Finale inligting sal aan gekeurde uitstallers gestuur word. Ons "barcodes" sal *Usig* gemerk wees om verwarring te voorkom. **'n Boete van R200 sal gehef word vir foutiewe "barcodes" van ander markte.** Reëlings moet vooraf getref word om seker te maak dat eie "barcodes" by ons stelsel inskakel. **Vir eie "barcodes" wat nie geskandeer kan word nie sal die boete van R200 ook geld**. Weens die oponthoud wat dit veroorsaak by die betaalpunte sal hierdie reël voortaan streng toegepas word.

16. SEKURITEIT

Streng sekuriteitsmaatreëls word gedurende die Kersmark getref. Toegang word ten alle tye beheer. Verskeie videokameras word vir monitering gebruik. Hou asb by die tye aan u toegeken vir inkom en uitpak aangesien die sekuriteitpersoneel streng daarvolgens werk.

17. DAAGLIKSE INTERNET OPDATERING VAN VERKOPE

Hierdie fasiliteit is beskikbaar tydens die Kersmark. Meer inligting volg later.

18. REKLAME

Daar word wyd reklame gemaak vir Uitsig Kersmark, onder meer in die plaaslike pers en oor die radio.

Vriendelike groete

Amanda Visser
nms KERSMARKKOMITEE